H. B. Th.

191. T. 6 (7)

# OUERPLIG IN DIE ONDERWYS

DEUR PROF. H.B. THOM,

VOORSITTER VAN DIE NASIONALE ONDERWYSRAAD.

(SKOOLRAADSIMPOSIUM, ALLEMANSKRAAL, O.V.S., 20/3/72, ± 10 VM.)

0) Gelukw.
x) Ag my geëerd en bevoorreg
xx) Dink 'n moontlike onderwerp: versk. menings.
xxx) Trevelyan: "vaste pos"; Egalit. [illegible]; Oscar Wylde: "Soc. prod." — veral uit oogpunt v. "rogues..." N.O.R.

## I. DIE ONDERWERP.

Die versoek is tot my gerig om by hierdie geleentheid te praat oor: Ouerplig in die Onderwys. Ek voldoen graag aan hierdie versoek.

Die plig van die ouer in verband met die onderwys is 'n buitengewoon belangrike aangeleentheid. Dit was só in die verlede; en dit is vandag nog só.

Maar dit het vandag vir ons van nog veel groter belang geword. Ons leef in 'n tyd waarin vrywel al die lande van die Westerse wêreld besig is om aandag aan hulle onderwys te gee, en waarin ook in ons eie land die onderwys die onderwerp van ernstige ondersoek en oorspronklike denke geword het. Daar is 'n ernstige revaluering aan die gang: Ons vra ons af of ons onderwys nog aan sy doel beantwoord, en ons oorweeg nuwe patrone en metodes van optrede om ons onderwys beter aan die eise van die nuwe tyd te laat beantwoord. Daar is inderdaad reeds veel in hierdie rigting gedoen, en ons het in die jongste paar jaar - veral in die jongste paar maande - ook reeds veel bereik.

Onder hierdie omstandighede spreek dit vanself dat ons vandag des te meer rede het om ons van die ouerplig in die onderwys rekenskap te gee. As die onderwys op die agtergrond van die belangstelling staan, en as daar niks noemenswaardigs op die gebied gedoen word nie, dan is dit miskien te verstaan dat die ouerplig ook nie soseer onder die aandag kom nie. Maar as die onderwys die middelpunt van bruisende belangstelling geword het, en as daar betekenisvolle - selfs radikale - stappe dienaangaande gedoen word, dan moet ons ons met groot erns na die ouerplig afvra. In so 'n

2/.......

tyd moet ouers weet dat dit noodsaaklik is dat hulle hulle plig moet nakom; as hulle dit nie weet nie, en as hulle hulle plig nie doen nie, kan dit verreikende gevolge vir hulleself en hulle kinders, vir ons onderwys en vir ons hele land hê.

opv.

## II. ENKELE GRONDBEGINSELS.

Laat ons eers kortliks 'n paar grondbeginsels stel, wat vir ons voorop moet gaan.

(a) Die skool bou op die grondslag van die ouerlike huis.

x) Fondament noodsaaklik

Die skool is al 'n verlengstuk van die ouerlike huis genoem. Hiermee word in werklikheid gesê dat die gees en lewens= beskouing van die ouerlike huis in die skool nie afgebreek moet word nie, maar dat dit voortgesit, versterk en verdiep moet word. Hier het ons 'n beskouing wat reeds dikwels met oortuiging gestel is, en wat veral deur Afrikaners sterk gesteun word. Ons is inderwaarheid baie gesteld daarop dat die skool op die fondament van die ouerlike huis moet bou.

x) Veral invloed v. vrou: moeder.

En nou moet ons goed verstaan: As ons hierdie beskouing huldig, en as ons werklik daaraan glo, dan volg dit dat die ouer 'n plig teenoor die skool het en dat hy hierdie onderwys plig nie durf versuim nie.

(b) Ons Gereformeerde godsdiens lê klem op die noodsaaklikheid van gesonde onderwys.

x) Ons is veral Afr.-sprekendes bymekaar.

Die oorgrote meerderheid van ons Afrikaners het 'n Gereformeerde godsdiens, en meer bepaald die Calvinistiese vorm daarvan. Reeds uit ons verre verlede is ons Calviniste. Ons ou Nederlandse voorouers en die Hugenote was besliste Calviniste, en hulle was getrou aan die bekende standpunt van Calvyn, nl. dat die ware Gereformeerde godsdiens deur goed-opgeleide leraars tot 'n ontwikkelde gemeente gepredik moet word. Vandaar dat hulle groot waarde aan die onderwys van hulle kinders geheg het. Oral waar Calviniste hulle gevestig het, het hulle die onderwys as 'n onontbeerlike vereiste vir die welvaart van die Calvinistiese gemeenskap beskou. Só

was dit ook in Suid-Afrika, nie net ver terug nie, maar ook in meer resente tye: Ons weet bv. hoedat baie van ons ouers, veral in die tyd van die Groot Depressie, hulle afgesloof het om 'n seun of 'n dogter op skool of kollege of universiteit te hou.

Maar 'n mens kan nie groot waarde aan iets heg, jy kan dit nie vir jouself en jou kinders as noodsaaklik beskou, en dan tevrede wees om dit maar aan ander oor te laat nie. Jy het self 'n plig, en jy moet toesien dat jy daardie plig nakom. Dit het ons Calvinistiese voorouers en ons ouers baie goed geweet.

(c) Deur sy doopbelofte is die ouer 'n onontwykbare verpligting opgelê.

x) Aan doopbelofte moet ons hier groot bet. heg.

Aan ons welbekende doopbelofte moet ons hier groot waarde heg. Deur die doopbelofte neem die verpligting van die ouer, ten aansien van die onderwys van sy kind, 'n heel besondere betekenis aan. Die ouer onderneem dat hy sy kind in die ware Christelike geloof, in die opregte vrese van die Here, sal opvoed, of sal laat opvoed. Dit beteken dat die ouer hierdie plig moet nakom, eerstens in sy eie huis en tweedens, so ver dit in sy mag lê, ook buite sy eie huis. Hieruit volg dan weer dat die ouer teenoor die onderwys in die skool nie afsydig mag staan nie. Sy doopbelofte bind hom: Dit is sy plig om toe te sien, so ver dit vir hom moontlik is, dat daar in die skool niks sal gebeur wat met sy doopbelofte strydig is nie.

Ons moet daarop let: In ons doopbelofte het ons een van die kragtigste beklemtonings van die ouerplig in ons onderwys.

Die voorgaande drie grondbeginsels stel die ouerplig vir ons baie onomwonde. Ons sal moet nagaan wat vandag die toedrag in verband hiermee is. Maar voordat ons dit doen, let ons eers op die standpunt van ons owerheid.

III. <u>DIE OWERHEID</u>.

Vanaf 1910, toe die Unie van Suid-Afrika gestig is, tot enkele jare gelede was die onderwys in ons skole ten volle die verantwoordelikheid van die Provinsies. Ons Provinsiale owerhede het waardevolle werk gedoen en 'n skoolstelsel opgebou wat vir ons land baie beteken het. Weliswaar het daar met verloop van tyd, wat betref benadering en hantering van onderwyssake, afwykings tussen die Provinsies gekom. Die gevolg was dan ook dat daar meer en meer om uniformiteit gevra is, en dat daar op 'n <u>nasionale</u> onderwysbeleid aangedring is. Dit was nie 'n miskenning van die werk wat die Provinsies gedoen het nie, maar eerder 'n blote erkenning van die wenslikheid - selfs noodsaaklikheid - van die eise van nuwe, veranderde tydsomstandighede. Die uitkoms was, soos die meeste van ons seker goed weet, dat daar in die jongste jare in verskeie opsigte 'n nuwe bedeling in ons onderwys ingetree het. Op die besonderhede daarvan gaan ek nie nou in nie, maar weldra kom ek tog terug op 'n paar sye hiervan, wat vir ons onderwerp van belang is.

Wat die ouers aangaan, is daar reeds onder die Provinsies kanale geskep waardeur hulle 'n aandeel in verband met die onderwys sou hê, en is daar ook geleenthede gebied waar ouers met onderwysers in belang van die onderwys kon saamwerk. Sekere liggame is in die lewe geroep, bv. skoolkomitees, skoolrade en beheerrade, wat regstreeks of onregstreeks - tot op sekere hoogte ten minste - deur die ouers saamgestel word, en wat aan die ouers die geleentheid gee om hulle invloed in die onderwys te laat geld. Op sommige plekke is ook ouer-onderwysersverenigings gestig, wat in verskeie opsigte aan die betrokke skole bystand verleen. Owerigens het baie ouers, binne die raamwerk van die owerheidsbeleid, reeds vroeg al op 'n <u>ad hoc</u>-wyse belangstelling getoon deur in verband met skoolfunksies saam te werk en by sekere geleenthede op skoolterreine en in skole besoek af te lê.

In die jongste tyd het ons gesien dat die landsowerheid op die hoogste vlak die belangrikheid van die ouers in die onderwys erken het, en dat hy hom ook onomwonde ten gunste ~~daarvan uitgespreek~~

van die invloed van die ouers uitgespreek

het. In Wet No. 39 van 1967, soos gewysig deur Wet No. 73 van 1969, word o.a. neergelê dat onderwys in ons skole 'n Christelike en breë nasionale karakter sal dra. Dit beteken dat ons hoogste wetgewende liggaam, t.w. die Parlement, sy begeerte uitgespreek het en ook selfs bepaal het dat die onderwys in ons skole op die gees van die gesonde ouerlike huis gegrondves moet wees. Wat meer is, dieselfde wet bepaal ook uitdruklik:

> „dat aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwys=stelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwyserverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade of op 'n ander wyse."

Dit is dus die uitgesproke bedoeling van ons hoogste wetgewende owerheid dat ouers 'n plek in ons onderwysstelsel moet hê en dat hulle op georganiseerde wyse 'n aandeel aan die onderwys moet neem. Hiermee konstateer ons 'n feit wat van kardinale belang vir ons volk en ons hele land is.

Laat ons nou 'n stap verder gaan. As ons dan aanvaar dat ouers 'n plig in verband met die onderwys het, en as ons weet dat die owerheid verlang dat hulle hierdie plig moet uitvoer, dan ontstaan die vraag: Hoe is dit vandag hiermee gesteld? En verder: Besef ons ouers genoegsaam dat hulle 'n plig het, en is hulle ook besig om, in ooreenstemming met die wense van die owerheid, hierdie plig na te kom? Hier het ons nou met die kernvrae te doen.

## IV. DIE TOEDRAG VANDAG.

x) As leerlinge goed doen - - - -

Soos ons gesien het, bestaan daar skoolkomitees, skool=rade en beheerrade, en op baie plekke is daar ook reeds ouer-onderwysersverenigings gestig. ^ veral by Engelsspr. skole. Daar bestaan dus kanale waarlangs ouers hulle invloed kan laat geld en 'n bydrae kan lewer. Maar die vraag is: Doen hulle dit ook werklik?

Ons moet erken dat daar vandag ouers is wat hulle plig nie suiwer sien nie, en wat vir onderwysers soms meer 'n struikelblok as 'n hulp is. Ons hoor onderwysers kla - en ek het self van 'n skoolhoof die klagte gehoor - dat ouers hulle met sake in die skool

6/.......

bemoei waarvan hulle nie veel weet nie. Daar word gesê dat hulle hulle te veel bemoei met die aanstelling van leerkragte, en dat daar dikwels wrywing en onmin hieroor ontstaan. Daar word gesê dat ouers hulle onnodiglik inlaat met vakke wat op die skool geleer word en die wyse waarop leerlinge onderrig word; dat ouers hulle inlaat met die prosedure en vereistes van meting en evaluering van leerlingprestasies in die skool; en dat hulle hulle bemoei met die dissipline wat in die skool toegepas word. X Ouers wat hulle kinders aan skool oordra. Laat ons eerlik wees. Daar is ouers wat hulle aan hierdie optrede skuldig maak. Maar dit is 'n gevaarlike optrede, en dit kan, ondanks goeie bedoelinge wat ouers mag hê, vir 'n skool onberekenbare skade veroorsaak.

Bekyk ons die saak weer van die kant van die onderwyser, dan moet ons ook realisties wees: Ons moet erken dat daar onderwysers is wat hulle taak nie suiwer sien nie, en wat weer vir ouers soms meer 'n struikelblok as 'n hulp is. Ouers kla dat hulle nie die nodige samewerking van onderwysers kry nie. Ouers kla dat van hulle wense geen notisie geneem word nie; dat van hulle verteenwoordigers in komitees en ander advies- of beheerliggame verwag word om blote rubberstempels te wees; en dat bv. 'n skoolhoof - soos ek self hoor sê het - wanneer hy fondse vir 'n sportveld of 'n skoolsaal nodig kry, skielik 'n groot vriend van die ouers word, maar dat hy hom owerigens baie min aan hulle steur.

En laat ons ook nou maar hier eerlik wees. Daar is onderwysers teen wie sulke beskuldigings ingebring kan word. Maar sodanige optrede kan eweneens baie gevaarlik vir die onderwys wees, en dit kan ook, ondanks goeie bedoelinge wat onderwysers mag hê, aan 'n skool onberekenbare skade berokken.

Ek vrees dat ek 'n prentjie skilder wat uit opvoedkundige oogpunt glad nie bemoedigend lyk nie. Hiervolgens geoordeel skyn dit asof ons geensins voldoen aan die drie groot grondbeginsels, wat ek genoem het, en aan die doel van ons

7/.......

hoogste wetgewende owerheid nie. Dit is egter noodsaaklik dat twee punte nou baie nadruklik gestel word.

Die eerste is dat 'n mens die genoemde verskynsels nie as verteenwoordigend van die algemene toestand moet beskou nie. In my hoedanigheid as Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad het ek die voorreg gehad om verskeie kere indringende samesprekings met ons Direkteure van Onderwys te voer, en om met onderwystoestande in al ons Provinsies kennis te maak. Nie net ek self nie, maar die hele Uitvoerende Komitee van die Nasionale Onderwysraad het reeds hierdie geleentheid gehad.

My bevinding is dat daar, ondanks die verskynsels wat ek genoem het, ~~en wat ons wel ook kry,~~ oor die algemeen by ons ouergemeenskap 'n trots op sy skool bestaan, en dat ons ouergemeenskap 'n begeerte het om aan die skool en sy leerkragte hulp te verleen. Verder is dit my bevinding dat daar by skoolhoofde en onderwysers in die algemeen wel 'n begeerte is om die welwillende samewerking van die ouergemeenskap te wen en te behou.

Ons sou talle van bewyse hiervoor kon aanvoer, maar dit is nie nodig nie. Ons konstateer slegs hierdie feite, feite waarvoor ons as opvoeders opreg dankbaar kan wees. Ons moet egter nie aan die slaap gevang word nie; ons moet ook onthou dat daar ook die gevalle is waar ouers hulle plig nie doen nie, en die gevalle waar leerkragte niks positiefs doen om die samewerking van ouers te kry nie. Dus: terwyl ons aan die een kant dankbaar is, moet ons aan die ander kant sorg dat ons wakker en waaksaam bly om, ter wille van ons jeug en ons volk, die bedenklike verskynsels uit ons midde te verwyder.

Die tweede punt is dat ons, as ons oor ouerplig in die onderwys praat, 'n skeiding tussen professionele en nie-professionele aangeleenthede moet maak. Daar is sekere dinge wat opvoedkundig-professioneel van aard is. Ons dink aan die aanstelling van leerkragte - waar dit veral om beroepsopleiding en beroepskwalifikasies gaan - aan onderwys- en vakmetodiek, aan meting en evaluering

8/.......

en aan tug en dissipline. Dit is seer seker nie aangeleenthede hierdie waarmee 'n min of meer oningeligte ouergemeenskap hom op kategoriese wyse moet inmeng nie. As dit ~~sou~~ gebeur, sal die onderwys ongetwyfeld skade ly. Ons het immers hier met die onderwyspraktyk en die onderwyssituasie in die skool te doen, en dit is sake van 'n gespesialiseerde, uiters delikate aard waar oningeligte inmenging - al is dit ook goed bedoel - rampspoedige gevolge kan hê.

Nou moet ons egter ons woorde hier baie goed tel. Uit wat ek gesê het, moet nie afgelei word dat die ouers nie belangstelling en samewerking in verband met hierdie professionele dinge mag toon nie. Daar kan immers ouers wees wat in eie reg opvoedkundiges is, bv. onderwysers of oud-onderwysers, of dosente of oud-dosente van opvoedkunde, en waarom sou hulle dan nie belangstelling in professionele sake kon toon en hulle samewerking kon gee nie? Sodanige belangstelling en samewerking kan selfs nuttig en waardevol wees. Maar ek het gesê dat die ouer hom in hierdie dinge nie op kategoriese wyse moet <u>inmeng</u> nie. Hy moet nie <u>ongevraag van buite af wil voorskryf of dikteer nie.</u> As hy hier belangstelling wil toon of 'n aktiewe bydrae wil lewer, moet hy dit in noue samewerking met die skoolhoof doen, of hom minstens deur die gespesialiseerde kennis en ruime ervaring van die skool=hoof laat lei.

Kom ons by die nie-professionele aangeleenthede, dan is daar vir die ouergemeenskap 'n veel ruimer veld en veel meer vryheid om sy bydrae te maak. Dan het ons immers nie met die gespesiali=seerde praktyk en situasie binne-in die skool of klaskamer te doen nie, en dan sal die ouer se bydrae baie regstreeks ~~en duidelik~~ kan wees. Ouers wat hulle omgewings ken, en veral sommige van hulle wat in die sakelewe staan, sal 'n waardevolle bydrae kan lewer deur aandag te wy aan bv. vraagstukke rakende geskikte terreine vir skoolgeboue en koshuise, aan vraagstukke rakende fasiliteite vir gesonde verkeer en voeling tussen ouers, onderwysers en leerlinge, en hulle sou ook baie goeie hulp kon verleen in verband met die skepping van hulp=fondse vir noodsaaklike doeleindes van die skool.

Maar bowenalles - en hierin lê m.i. die vernaamste aspek van ouerplig in die onderwys -die ouergemeenskap moet 'n atmosfeer help skep waarin die skool, met sy leerkragte en leerlinge, ooreen=komstig die gees en tradisies van die ouergemeenskap sal bestaan en ontwikkel. Neem maar net één voorbeeld. As dit die ouers erns is dat die gees van hulle skool waarlik Christelik en nasionaal sal wees, dan sal hulle hieroor moet wagstaan en baie aktief met die hoof en ander leerkragte moet saamwerk. Vir die ouers se invloed is daar in hierdie verband geen plaasvervanger nie.

As ouers die regte gees moet help skep en gesonde nasionale tradisies moet help handhaaf, sal dit vanselfsprekend nodig wees dat hulle hulle vir die aanstelling van leerkragte sal interesseer. Immers, dit is vir ouers van belang om te weet dat die gewenste tipe onderwyser vir hulle kinders aangestel word. Die voorwaarde bly egter staan, nl. dat ouers hulle met hierdie tipe van professionele aangeleentheid nie diktatoriaal of voor=skriftelik mag inlaat nie, maar wel onder die leiding van die skoolhoof of ander onderlegde opvoedkundige moet optree. As die ouer in die gees van die voorgaande handel, sal hy 'n betekenisvolle bydrae tot die onderwys van sy kind kan lewer en terselfdertyd die uitvoering van sy plegtige doopbelofte, ook gedurende die skooljare van sy kind, aktief kan nakom.

## V. KONKLUSIE.

Ons hou nou alles in gedagte wat ek gesê het. Ons dink aan die drie grondbeginsels wat ek gestel het, t.w. dat die skool op die grondslag van die ouerlike huis bou, dat ons Cal=vinistiese godsdiens 'n gesonde onderwys vir die jeug vorder, en dat die ouer deur sy doopbelofte 'n onontwykbare verpligting in die onderwys van sy kind opgelê word. Ons dink ook aan die duidelike standpunt van ons landsowerheid, en aan die toestand wat vandag by ons bestaan. In die lig van dit alles, wat is dan die gevolg=trekking waartoe ons gebring word?

Die antwoord is voor die hand liggend. Dat die ouer 'n fundamentele plig in die onderwys het, en dat dit absoluut noodsaaklik is dat hy daardie plig met oortuiging en toewyding sal uitvoer. As dit nie gebeur nie, sal die werklike suksesvolle, sinvolle en vrugbare ~~uitvoering van ons~~ onderwys 'n saak van onmoontlikheid wees. Ondanks klagtes wat soms van onderwysers teen ouers gehoor word, en ondanks kritiek wat ouers soms op die skool en onderwysers uitspreek, moet ouers hulle van harte verbind om 'n aktiewe aandeel aan die onderwys te neem. Hiermee kan ons, veral onder Afrikaners, ook groot welslae hê want die oorgrote meerderheid van ons ouers se gesindheid is vandag gelukkig nog reg en positief.

Ons moet ook onthou dat ons, met die jongste aan=kondiging van die Minister van Nasionale Opvoeding in die Staats=koerant, 'n nuwe bedeling in ons onderwys ingegaan het: Ons sal o.a. 'n weloorwoë stelsel van gedifferensieerde onderwys hê, en ons onderwys sal Christelik en nasionaal van karakter wees. Dit is juis hierdie punte wat meebring dat die ouerplig in die onderwys nou van nog soveel meer belang geword het.

Ten slotte wil ek dit stel dat die ouerplig die beste op die grondslag van 'n vennootskap uitgevoer kan word. Thuy boodskap. Daar moet 'n vennootskap wees, 'n baie hegte vennootskap: Aan die een kant die skool en die onderwysers, aan die ander kant die ouers. In 'n vennootskap kom daar soms wel verskille van mening tussen die vennote, en val daar soms ook harde woorde, maar die vennote het die oorheersende besef dat hulle 'n gemeenskaplike taak verrig en hulle gemeenskaplike welsyn dien, en deur hierdie besef word vennote bymekaar gehou. Dit is daarom noodsaaklik dat die vennote mekaar se bona fides ten volle sal aanvaar, en dat hulle as gelyke vennote in die vennootskap sal staan. Vennote moet mekaar vertrou, anders sal hulle op die duur nie bymekaar bly nie; vennote moet gelyke vennote wees, anders sal daar op die duur geen tevredenheid en hartlikheid wees nie.

Mag ek ten slotte net daarop wys dat die Nasionale Onderwysraad hom verbind het om hierdie vennootskap tussen ouer en skool heg te maak en te bewaar. Die Raad werk tans aktief aan hierdie saak en sal van tyd tot tyd die nodige advies aan die Minister van Nasionale Opvoeding deurstuur.

Inmiddels kan ons almal dankbaar wees om te weet dat ons in hierdie saak wapenbroers is. Ons is wapenbroers in die stryd vir ons onderwys; en, deur ons onderwys, in die stryd vir ons jeug; en, deur ons jeug, in die stryd vir ons hele volk en ons hele land.